# DIE BETEKENIS VAN 'N RADIKAAL SKRIFMATIGE FILOSOFIE VIR DIE LEWENSPRAKTYK

J.A.L. Taljaard, *Dept. Filosofie, PU vir CHO*

*ABSTRACT*

*The author's point of departure is founded on the reciprocation between practical life and Philosophy. He points out the centuries-old distinction and division between theory and practice and rejects it, seeing that it is man who "does thinkingly" and who "thinks while doing". One's view of the world, one cosmoscope (which is a non-scientific vision on reality) constitutes a bridge between religion and Philosophy and can be strengthened after a scientific justification via Ontology from the field of theoretical knowledge. The relationship between Philosophy and practical life has to be determined from the angle of the religious unity of both. From this it emerges that practical and scientific knowledge do not differ in terms of worth of content, but only in terms of their own irreplaceable nature. Their basic relationship should then be typified in terms of reciprocal service.*

Van albei — die PU en die VU — kom die behoefte en drang om aan die Skrif sy regmatige plek in die wetenskap te gee. Dit het moontlik geword vanuit die waarheid dat die Bybel die Woord van God is en dat God in hierdie Woord Homself aan die mens openbaar as absoluut soewerein oor alles wat Hy geskep het; dat die mens in alles wat hy doen, bepaal word deur die verhouding waarin hy tot God staan; dat my kennis van die Onsienlike my kennis van die sienlike bepaal; dat die inhoud van die Skrif dus rigtinggewend is, nie alleen vir my lewe nie maar ook vir my wetenskap en dat ek moet sorg dat die inhoud van die Skrif nie ontsier word deur 'n inleg-en uitlegkunde wat erfgoed is van my filosofiese voorgangers vanaf die vroegste eeue van Christelike denke nie — kortom: vir my het dit deurslaggewend geword om die stryd in die filosofie aan te knoop teen wat as sinkretisme bekend staan, daardie neiging om Skrifwaarhede te versoen met temata uit die heidense filosofie wat noodwendig op vervalsings van die Skrifwaarhede uitgeloop het.

Dit was my poging om tot 'n radikaal Skrifmatige filosofie te kom, 'n filosofie gemotiveer vanuit die reaksie teen die sekularisme wat die Skrif uit die wetenskap wil weer. Maar 'n filosofie wat radikaal Skrifmatig wil wees, probeer om elke filosofiese vraag tot op sy wortel oop te vlek en te sorg dat die

antwoorde in ooreenstemming met die Skrif is of ten minste vir sover 'n mens tans sien. Die afvallige denke van vandag wil ook radikaal wees — die New left beroem hom op sy radikaliteit. Maar die New Left is ook bewus van sy religieusiteit — dit is seker die belangrikste kenmerk van die mens van die laat 20ste eeu dat hy bewus 'n religieuse lewe lei. Die breek met die sintese, die val van die Rasionalisme en die lyne waarin die Irrasionalisme na die Tweede Wêreldoorlog ontwikkel het, het 'n bewuswording van religie tot gevolg gehad — maar dan 'n religie weg van die God van die Skrifte af. En dit is juis hierdie wedersydse bewuste religieuse lewe wat die kommunikasie tussen die New Left, die Neo-Marxisme en die aanhangers van die Frankfurterskool, die verskeidenheid min of meer georganiseerde jeugbewegings, wo. die "Jesus-people" en "Blomkinders" en die "ducktails" van ouds, "Punck- en Pop- en Rock"-groepe, met die Christen-Calvinis vandag so moontlik maak. Let op hoedat die wetenskap en die lewenspraktyk hier ineengestrengel is.

## WYSBEGEERTE EN LEWENSPRAKTYK

Die wysbegeerte staan nie teenoor die lewe nie maar is self een van die baie lewensuitinge. Die mens kan nooit losgemaak word van die verhouding waarin hy tot God staan nie, en daarom kan sy lewensuitinge ook nie van hierdie verhouding losgemaak word nie: hulle is religieus bepaald, hetsy in die afval van God, hetsy in die gebroke gehoorsaamheid aan sy wil en wet. Daarom wil die Skrifmatige Wysbegeerte die verlossende mag van Christus op elke gebied van die wetenskap en van die Wysbegeerte as wetenskap erken. Daarom wil die Skrifmatige filosofie ook op sy terrein die stryd teen die sonde en die mag van die leuen aanknoop.

Oor die vraag wat die verhouding tussen denke en lewenspraktyk is, kry ons met verloop van tyd verskillende antwoorde. Nou moet daar gewaak word om denke nie met wetenskap of selfs met wetenskaplike denke te identifiseer nie: denke as sodanig is 'n ruimere begrip. Vollenhoven (1950:177-178) behandel hierdie saak en stel dit dat in hierdie verband twee standpunte lynreg teenoor mekaar staan, nl. die rasionalistiese en die irrasionalistiese. Eersgenoemde aanvaar die primaat van die denke en die tweede die primaat van die praxis en wel sodanig dat die doen los van die denke sou staan. 'n Belangrike verteenwoordiger van die irrasionalisme in hierdie verband is die pragmatisme, wat leer dat die waarheid aan die nut ondergeskik is: dit wat in die praktiese lewe nuttig is, is waar. Vir hulle wat die denke primêr beskou en die lewenspraktyk dus van sekondêre belang ag, die rasionaliste, is verskillende moontlikhede gegee. Ten minste drie

oplossings kan onderskei word, nl. (i) die scientialiste, wat die praktyk uit die wetenskaplike (natuurwetenskaplike) denke benader en die praktyk dan as 'n dikwels minder suiwere toepassing van die denke sien; (ii) die praktikalis, wat die praxis as 'n uiting van die nie-wetenskaplike denke sien, en (iii) die man van die praktyk, wat albei die vorige rigtings verwerp sonder om in pragmatisme te veral. Vir hom kan die praxis nie tot enige denke herlei word nie maar is die praxis tog ook nie sonder nie-wetenskaplike denke moontlik nie. Laasgenoemde is die praktiese rigting.

Nie aan denke of aan lewenspraktyk kan 'n primaat toegeken word nie. Dit is die mens wat dink en doen, wat dinkend doen en doende dink. Die denke en die doen en die denke as onderdeel van die doen is van die lewensuitgange, kom uit die hart en word bepaal deur die verhouding waarin die mens tot God staan, want hierdie verhouding beheers die mens radikaal en totaal. Ons moet daarteen waak om nie in die eeue-oue onderskeiding en skeiding tussen teorie en praktyk te verval nie. Ons moet leer om skerp in te sien dat die teorie op die wetenskaplike denke dui en dat dit van die nie- of voorwetenskaplike denke onderskei moet word maar dat albei soorte denke 'n doen is wat vanuit die hart kom. Van hierdie soorte doen is daar nog baie ander doene te onderskei. Van almal geld dat uit die hart die oorspronge van die lewe is, dat hulle almal dus religieus bepaald is!

Sentraal vir die hart is nie die wetenskap wat daaruit vloei nie, ook nie die ander lewensuitinge daarvan nie. Nee, sentraal vir die hart is die verhouding waarin dit tot God, die God van die Woord en dus tot die Woord van God, staan. Sentraal in die toerusting van die hart is die geloof in die Woordopenbaring. En die hart is dus 'n deur God of afgod gegrypte hart, 'n gelowige of ongelowige hart en die besondere tipe geloof (geloof of ongeloof) bepaal die hartaktiwiteite. Daarom moet die lewe van die Christen 'n aan God toegewyde lewe wees; die lewe moet 'n dien van God wees, in sy wetenskaplike aktiwiteit maar ook in elke ander vorm van aktiwiteit! Die vrees van die Here is die beginsel van alle kennis maar ook van alles wat die mens doen. So word ons diens aan God die vrugbare voedingsbodem vir ons lewensuitinge. Calvyn het dit goed gesien toe hy gesê het dat die verhouding van Christelike geloof tot wetenskap en kultuur geen abstrakte probleem is nie. Maar hy was ook reg deur ons aandag daarop te vestig dat die mens na die sondeval algeheel verdorwe geraak het en dat sy verstand nie hiervan uitgesluit was nie (vgl. Klapwijk, 1972). By die sondeval het dit nie gebly nie: die genade en verlossing het ook 'n feit geword. Ons mag ons dus nie in hoogmoed verhef bo hulle wat in ongehoorsaamheid aan die wet van God geleef het en lewe nie. Ook hulle

is met uitnemende gawes begiftig, en hulle werke kan soms wonderbaarlik skitter. In sy Institusie II, 2, 15 maan Calvyn ons dan ook om die geskrifte van ons voorgangers vanweë die voortreflikheid daarvan met groot bewondering te lees. Maar — en dit is belangrik — ons moet nie sweer by die woorde van 'n menslike meester nie. Ons moet met onderskeiding gaan lees, waardeer en interpreteer, en ons basis van interpretasie moet altyd, en net altyd, aan die Skrifmatigheid daarvan, aan die plek van die Skrif daarin, getoets word. Want elke skrywer wil iets vir ons aandui, wil ons aandag op iets vestig, so ook God met sy Woord, en ons moet 'n kriterium hê om vas te stel of die aangeduide goed aangedui is en of die aanduiding diens aan God is of nie en of dit skrifmatig is of sinkretisties is of pagaan is of nie! En dit kan slegs gedoen word as ons weet wat God aan ons in sy Woord aangaande die werklikheid openbaar.

Dit is interessant dat iemand soos Kohnstamm tussen 'n teoretiese en 'n eksistensiële denker onderskei (vgl. Popma, 1971). Eersgenoemde is 'n onbewoë toeskouer wat slegs hipotetiese uitsprake maak, terwyl die eksistensiële denker hom in elke uitspraak wat hy maak, met sy hele lewensinhoud verbonde sien. En as hy dan stellenderwyse praat, wil hy nie alleen insig van samehange gee nie maar wil hy ook getuig en wel getuig van 'n bepaalde lewenskeuse. Sy *Mensch en wêreld* (1947) het as ondertitel: "Een personalistische inleiding in de Wijsbegeerte". Sy doel is om hiermee 'n wysgerige inleiding vir beginners te gee in 'n personalistiese trant, d.w.s. op 'n getuigende eksistensiële manier, waar personalisties niks met die stroming Personalisme en eksistensieel niks met die Eksistensialisme te doen het nie —strominge wat hy wel goed geken het. Vir Kohnstamm berus filosofeer as menslike onderneming altyd en onvermydelik op 'n geloofsbeslissing; vandaar dat hy waarsku teen sowel die fabrilisering van die mens, daardie mensverminkende proses waarin die mens sistematies en nadruklik tot 'n werktuighanterende omgebou word en waarin sy eie humaniteit tot werktuigdegraderende wese verlaag word, asook teen die denkbeeld van anonieme wetenskap, dit is 'n wetenskapsbeoefening waarby die menslike subjek prinsipieel verwisselbaar is met die wetenskap (vgl. Popma, 1971). Hy self is diep oortuig daarvan dat daar 'n verband tussen die persoon van die wetenskaplike en die waarheid is, en daarom kies hy vir 'n ekumenies Christelike filosofeer. In sy denke wil hy hom deur die Bybelse boodskap laat beheers en nie deur die een of ander wetenskap nie. Hierdeur staan hy dig by Dooyeweerd, lg. met sy denkbeeld van 'n religieuse grondmotief, daardie dryfkrag wat die menslike lewe en denke beweeg en wat alle teoretiese werksaamheid voorafgaan.

Van 'n lewens- en wêreldbeskouing sou 'n mens kon sê dat dit ook resultaat van menslike aktiwiteit is en dus ook religieus bepaald is. Dit is egter nie produk van wetenskaplike kenaktiwiteit nie; dit is nie- of voor-wetenskaplik van aard. Dit bied nie 'n teoretiese insig in die werklikheid nie, maar as voorwetenskaplike of praktiese insig in die werklikheid kan dit terrein van wetenskaplike ondersoek word. Die resultaat van sodanige ondersoek sou ons dan werklikheidsleer kon noem. In hierdie sin slaan die lewens- en wêreldbeskouing die brug tussen religie en wysbegeerte (Vollenhoven, 1950:44).

## WYSBEGEERTE EN WYSGERIGE RIGTINGS

Vir Pythagoras was filosofie liefde tot wysheid maar nie lewenswysheid nie, nee, dit was wetenskaplike belangstelling of abstrakte teoretisering. So word filosofie dan gelyk aan wetenskap. En dit het vir alle wetenskappe gegeld totdat Aristoteles die leer omtrent die "syn as sodanig" eerste filosofie gaan noem het, waardeur die weg vrygekom het om die ander wetenskappe geleidelik nie meer filosofie te noem nie. Dit is dan ook so dat kwessies wat in verband met die syn gestaan het, die filosowe in die Oudheid geboei het. Hulle filosofie was hoofsaaklik Ontologie en 'n kenteorie wat aan die ontologie georiënteerd was. Tog kon 'n tipies ontologiese stroming 'n groot verskeidenheid filosofiese konsepsies huisves, en soms is die uiteenlopendste rigtings deur 'n religieuse geesverwantskap verbind. Strome heel in die begin onderskeibaar is die van subjektivisme, objektivisme en realisme.

Maar die Grieke het aan die teoretiese kennis bo die praktiese kennis voorkeur gegee, die teoretiese kennis heeltemal oorskat, 'n oorskatting wat die gang van die wysgerige denke heeltemal bepaal het. So was daar konsensus dat dit die taak van die Wysbegeerte was om die materiaal wat deur die sintuiglike ervaring verkry is, tot op die grond toe af te breek en om daaruit dan 'n teoretiese kosmos op te bou. Die teoretiese kosmos word sodoende 'n skepping van die wysgerige denke, wat dan volkome soewerein word oor hierdie teoretiese kosmos.

Die lewens- en wêreldbeskouing slaan die brug tussen religie en wysbegeerte; is 'n nie-wetenskaplike visie op die werklikheid of syn en kan, na 'n wetenskaplike verantwoording deur die ontologie, vanuit die teoretiese kennis verdieping verkry. Die lewens- en wêreldbeskouing is egter altyd besit van 'n mens, van 'n religieuse wese, is bepaal deur die verhouding waarin daardie mens tot God staan. Maar die lewens- en wêreldbeskouing

rig en lei altyd die doen en late van die mens; ook sy wetenskaplike doen en late en staan dus nooit los van die teoretiese kennis nie, al gee die Grieke in die Oudheid ook voorkeur aan die teoretiese bo die praktiese kennis. Dit is 'n onteenseglike feit dat die paganisme 'n diep religieuse karakter gedra het maar dan beslis nie 'n Christelike religieuse karakter nie.

Die religieus bepaalde lewens- en wêreldbeskouing wat in die lewe van die mens rigting en leiding gee, dryfkrag agter sy doen en late is, noem Dooyeweerd, as ek hom reg verstaan, die religieuse grondmotief. En hiervan onderskei hy dan 'n viertal. Dryfkrag agter die Griekse filosofie was dan die religieuse grondmotief van vorm en materie, en dryfkrag agter die Christen se doen en late (ook agter sy wetenskapsbeoefening), is die religieuse grondmotief van die Woordopenbaring wat hy formuleer as dié van skepping, sondeval en verlossing deur Christus Jesus in die gemeenskap van die Heilige Gees. Verder is daar dan nog dié van natuur en genade en van natuur en vryheid (vgl. Dooyeweerd, 1949).

Die *Wijsbegeerte der Wetsidee* (W.d.W.) sien as taak van die filosofie om aan ons 'n teoretiese insig in die totaliteit van die *tydelike* werklikheid te verskaf.

Wat word hier onder teoretiese insig verstaan? En dan word dit teenoor die naïewe ervaring gestel wat ons die *tydelike* werklikheid as 'n totaliteit laat deurleef. So is ons in die konkrete samehang van die *hele* werklikheid ingestel. So kry ons dan 'n werklikheidsvisie, eie aan ons almal, ook eie aan die teoretikus in die gewone lewe. Ook as ons probeer om 'n praktiese insig in 'n bepaalde stand van sake te verkry, bly ons blik nog op die volle werklikheid ingestel, maar as ons 'n teoretiese insig wil verkry, verander sake heeltemal. Wat die teoretikus wil ondersoek, tref hy in die volle werklikheid aan maar vervleg met die lewende totaliteit van die hele kosmos. Hy moet eerstens hierdie totaliteit in sy verskillende syе uiteenstel. Van wat sodanig deur abstraksie geïsoleer is, kan deur "tegenoverstellend denken" teoretiese insig verkry word. Die vakwetenskappe hou hulle elk met 'n afsonderlike uiteengestelde sy besig. Dit is egter die taak van die filosofie om die teoreties uiteengestelde sye van die werklikheid weer in 'n totaliteitsblik te kry, want dit moet aan ons 'n teoretiese insig in die wêreldsamehang verskaf. Dooyeweerd (1935:6) sê dan ook: "Het wijsgeerig denken in zijn eigenlijk, nimmer straffeloos te miskennen, karakter is: op de zin-totaliteit van onzen kosmos gericht, theoretisch denken".

Hier duik daar vir Dooyeweerd 'n probleem op, want die teoretiese denkhouding van uiteenstellend en teenoorstellend is tydtransendentaal en val

binne die tydelike werklikheid met sy sinverskeidenheid en individualiteitstrukture. Tog moet 'n teoretiese insig verkry word van die sintotaliteit van die kosmos, en hierdie sintotaliteit is tydtransendent. Hoe kan teoretiese denke nou van die sintotaliteit verkry word? Dooyeweerd los die probleem so op dat die wysgeer, volgens hom, nie 'n teoretiese totaliteitsblik kan kry as hy vantevore vir hom 'n *idee* van hierdie totaliteit gevorm het nie. En om dit te kan doen het hy 'n uitsigtoring nodig wat die verskillende sye te bowe gaan. Hierdie konstruksie noem hy dan Archimedespunt. Die keuse van die Archimedespunt is 'n geloofsbeslissing en hang nie van teoretiese insig af nie. Dit kan nie 'n teoretiese funksie self wees nie omdat dit bo die teoretiese funksies moet uitstyg om 'n uitsigtoring te kan wees. Vandaar dat hierdie punt in die hart gevind word, die hart wat konsentrasiepunt van ons hele bestaan is en wat bo al die sye van die bestaan uitgaan. Die hart is die wortel van waaruit ons hele bestaan hom vertak. Daarom lê die diepste wortel van ons wysgerige denke in die hart. Maar as ons hart die Waarheid wil ken, dan moet dit, onderworpe aan die openbaring van God, deel hê aan Jesus Christus, die nuwe Wortel van die mensheid in wie die hele mensheid herbore word. Deur Christus soek die hart nou die sinvervulling van ons lewe, dus ook van die Wysbegeerte, in die diens van God. So word die Archimedespunt vir die Calvinistiese wysbegeerte die in Christus herbore wortel van die skepping. Alleen van hierdie punt af kan die verskillende sye van die skepping, wat deur die teoretiese denke uiteengestel word, onder beligting van die waarheid wat in die openbaring aan ons geskenk is, met die totaliteitsblik teoreties oorsien word.

Los Dooyeweerd nou met hierdie religieuse stellingkeuse van die Archimedespunt in die hart sy probleem op — hierdie stellingkeuse gaan die wysgerige denke vooraf en bepaal die ontwikkeling daarvan. Hiermee staan of val sy hele wysbegeerte: dit bepaal die hele ontwikkeling daarvan. Dooyeweerd se opvatting van wetenskap en sy opvatting van wat wysbegeerte is, laat hom vasval in 'n problematiek wat miskien "kunstig" is en wat sy eie probleem nie kan oplos nie. Uiteindelik moet hy dan sowel vir sy teoretiese kennis as vir sy totaliteitsblik binne sy tydelike werklikheid, binne die tydstransendentale sinverskeidenheid verlengstukke van die hart konstrueer. Ek verwys hier na sy intuïsie en sy aktstruktuur.

Dooyeweerd se uitsigtoring gee hom egter 'n pre bo dié van die nie-Calvinistiese denkers wat hy kritiseer. Hulle vind hulle Archimedespunt, sê hy, binne die wysgerige denke self, waardeur die wysbegeerte dan outonoom word. Dit is die oorsaak vir die teoretiese selfgenoegsaamheid van die wysgerige denke. Dooyeweerd sê dat die tydelike werklikheid verander word

as dit gesien word vanuit 'n teoretiese funksie wat tot Archimedespunt verhef is. Dit word dan verander tot 'n teoretiese kosmos wat deur die wysgerige denke self geskep is. Die gevolg is dat die veelsydigheid en alsydigheid van die kosmos teoreties in 'n een-sydigheid omgedui word en wel van daardie sy wat verabsoluteer word. Omdat hierdie Archimedespunt nou binne in die wysgerige denke self is, daarom noem hy die gangbare wysbegeerte immanensiefilosofie. Daarom raak die onderskeid tussen die Calvinistiese en die immanensiewysbegeerte die grondslag van die wysgerige denke self. En hierdie fundamentele onderskeid is van beslissende betekenis vir die vraag hoe die verhouding tussen wysbegeerte en lewenspraktyk gesien moet word.

Feitelik het sake myns insiens histories egter anders verloop. Feit bly dat die verhouding waarin die mens tot God staan, alle ander sake rakende die mens bepaal. Feit is ook dat sonder die lig van die Skrif die mens die werkeopenbaring noodwendig moet vervals en verdraai. Feit is dan dat sodra die Weste met wetenskaplike werk begin het, hierdie vervalsings in die resultate opmerkbaar is. Aanvanklik het die wysgere dan ook 'n *funksionalisties* versmalde ontologie aangebied en daarbypassende kenteorieë. Hierdie ontologie het in die rigtings van subjektivisme, objektivisme en realisme ontwikkel, met heel gou die bypassende kennende gees van die mens en die verminking van die verstand deur apriori's. Die Christendenkers het met die oorgeërfde materiaal uit die pagane wêreld geworstel en Skrifgegewens daarmee probeer versoen, iets wat by Thomas van Aquino in die geloof-wete-stryd tot die ponering van die tweeterreineleer gelei het. Dit het die weg gebaan vir die sekularisering met die neutraliteitspostulaat, wat weldra tot 'n volledige rasionalisme gelei het: die soewereinverklaring van die rede, want daar was nie meer plek vir die geloof as sogenaamde kenfunksie of vir die Woordopenbaring as bron van kennis in die wetenskap nie. Hierdie Rede was aanvanklik aan die natuurwetenskappe georiënteer, maar met die Aufklärung het 'n praktikale rede bygekom, wat dan deur Kant weer tot een Rede met twee selfstandige dele omgeskep kon word in sy poging om tussen die rasionaliste te versoen: Kant beperk die Rede om plek te maak vir die geloof en soek dan hoe sintetiese oordele a priori moontlik is! Reaksie tree verder in teen die gebrek by die Rasionaliste om die dinamiek en die oordeelsvorming by die mens tot sy reg te laat kom, en met sy credo van "positiewe feite" kom daar deur Comte kentering in die Rasionalisme sonder enigsins aan die soewereiniteit van die rede afbreuk te doen. Die Positivisme van die jongere Rasionalisme is die pendant van die Scientialisme, met die primaat toegeken aan die teoretiese denke vs. die lewenspraktyk. Die Neo-Positivisme sien saam met die Praktikalisme hierdie verhouding anders, en die Neo-Idealisme probeer weer 'n versoening bewerkstellig.

Die breuk met die Rasionalisme kon eers kom nadat Neo-Positivisme en Neo-Idealisme hulle verskyning gemaak het. Nou eers is gepoog om die rede 'n toon laer te laat sing, en dit deur die oppervlakkige kritiek van die Irrasionalisme. Geen grondige kritiek word teen die soewereine rede aangevoer nie; iets word slegs aan sy heerskappy onttrek.

So gesien kom daar 'n ander perspektief op wysbegeerte en lewenspraktyk; want as die rede soewerein is, is daar geen plek vir God nie — twee soewereines verdra mekaar nie. Vandaar dat die Rasionalisme die praktyk totaal wil beheers en vanuit die Rede wil verklaar. Maar vanuit hierdie feitelike verloop van sake deur die eeue heen is dit ook duidelik dat die geskiedenis hom nie in denkskemas laat indwing nie.

## LEWENSPRAKTYK

Let ons op die lewenspraktyk, dan is dit nodig om die woord *praktyk* hier nie in sy betekenis van "toepassing van teorie" te gebruik nie. 'n Baie dieper betekenis van die woord word hier beoog. Met "lewenspraktyk" word bedoel ons optrede op verskillende lewensterreine — terreine wat skerp onderskeibaar is. In die praktyk het ons altyd met konkrete totaliteite soos kerke, gesinne, state, volkere, organisasies, verenigings, skole ens. te doen. Dit is my volledige staan in die volle lewe met sy groot verskeidenheid moontlikhede van saamleef en saamwerk met almal wat God in die volvoering van my roeping op aarde in my onmiddellike omgewing geplaas het.

Met ons prakties-intuïtiewe onderskeiding kan ons egter nog 'n stap verder gaan en praat van die terrein van die kerk, die terrein van die staat of die terrein van die gesin, ens. Dit gee ons 'n prakties-intuïtiewe blik oor die verskillende lewensgebiede. Hierdie onderskeidinge dra egter nie 'n teoreties wetenskaplike karakter nie maar wel 'n praktiese en konkrete. Dit is en bly egter onderskeidinge — ek is kennend daarin betrokke en derhalwe funksioneer my analitiese funksie —, maar hierdie kenaktiwiteit is soos alle ander 'n hartaktiwiteit en dus religieus bepaald. Die E.d.W. gebruik hier graag die term *intuïsie,* want vir hulle is dit 'n intuïtiewe onderskeiding — ek glo dat dit 'n analitiese werksaamheid is en alle onderskeidinge analities gekwalifiseerd is, (vgl. my kritiese opmerking oor Dooyeweerd se "intuïsie" en u verstaan my vraagteken agter die woord prakties-intuïtiewe onderskeiding, soos dit by Tunderman (1948:13) aangetref word). So kan ons selfs die hele kosmos praktieskonkreet oorsien en wel in die lewens- en wêreldbeskouing.

Die lewens- en wêreldbeskouing wil 'n voor- of nie-wetenskaplike visie oor die ganse werklikheid bied, en ook van hierdie nie-wetenskaplike kennis kan myns insiens gesê word dat my kennis van die Onsienlike (geloofskennis in die Woordopenbaring) my kennis van die sienlike dinge bepaal. Vir die W.d.W. word die blik op die totaliteit van die skepping in die lewens- en wêreldbeskouing gerig. Klem word tereg daarop gelê dat die lewens- en wêreldbeskouing geen teoretiese karakter het nie. Tog kan dit wel deur die wetenskaplike denke beïnvloed word, selfs in so 'n mate dat dit teoretiese abstraksies in sig opneem. Myns insiens mag die groot invloed wat dit *ipso facto* op die teoretiese denke uitoefen (dit rig en lei die menslike doen en late, ook sy wetenskaplike doen), nie uit die oog verloor word nie. Maar as daar deur die invloed van die teoretiese denke op die lewens- en wêreldbeskouing teoretiese abstraksies in die lewens- en wêreldbeskouing opgeneem word, kan die persoonlike verantwoordelikheid deur 'n blinde geloof in die outonomie van 'n kritiekloos aanvaarde wetenskap vervang word. Sodanige verteoretisering van die lewensbeskouing, beteken 'n innerlike vervalsing en is altyd 'n innerlike teenstrydigheid: iets kan nie gelyktydig voorwetenskaplik sowel as wetenskaplik van aard wees nie. So iets is kwasie-wetenskaplik en derhalwe hoogs onwetenskaplik. U begryp egter dat so iets iets anders is as om die lewens- en wêreldbeskouing dan te bevrug met die resultate wat sodanig wetenskaplik verkry is.

Die lewens- en wêreldbeskouing self moet altyd op die lewende werklikheid ingestel bly en dra altyd 'n voorwetenskaplike karakter net soos ons praktiese lewenskyk. Die voorwetenskaplike aard daarvan maak dit nie minderwaardig teenoor die teoretiese nie. Praktiese sowel as teoretiese insig het albei 'n eie en onvervangbare waarde en betekenis. Die verhouding tussen die twee moet egter eerder gesien word as dié van die vroeëre tot die latere, van die minder gekompliseerde tot die meer gekompliseerde, van die meer omvattende tot die meer gespesialiseerde. So sluit die kennis vervat in die lewens- en wêreldbeskouing ook die geloofskennis van die mens in. En as hierdie geloofskennis in die Woord van God gefundeer is, dan moet die teoretiese kennis daarmee ooreenstem. Ons moet egter nie dink dat daar nooit 'n verdieping van die praktiese insigte moontlik is nie: die hele lewenspraktyk vertoon 'n sekere historiese verdieping. Op die gebied van die praktiese lewe vind ons 'n belangrike deel van die kultuurtaak wat die mensheid ontvang het en wat met verloop van die eeue sy vervulling vind. God het die kultuurtaak aan ons opgedra, en daarom eis God ook die leiding in die kultuurontplooiing vir Homself op — Hy is ook hieroor absoluut soewerein: aan sy wil en wet moet ons in die volbrenging van die kultuurtaak gehoorsaam wees; ook dit is religieus bepaald! En hierteenoor staan die pseudo-

openbaring van Satan: Jy sal word soos God is, iets wat deurgaans 'n geweldige rol in die kultuurontplooiing speel, ook daar waar dit op die gebied van die praktiese lewe verwerklik word.

So staan ons in die hele lewenspraktyk voor 'n religieuse stellingkeuse. Ons is geroepe om God met die inset van ons hele lewe te dien, al bly hierdie diens in hierdie lewe 'n gebroke diens. Die doen en late van die mens wat egter in sonde bly lê het, word ook bepaal deur die verhouding waarin hy tot God staan, en hierdie mens wil ook in die lewenspraktyk wees soos God is. Hiervan gee daardie lewens- en wêreldbeskouinge wat nie hulle wortels in die Skrif vind nie, genoegsame getuienis. Hier het ons 'n belangrike ooreenstemming tussen wysbegeerte en lewenspraktyk: albei word deur die antitese beheers. Die wêreldbeskouing van die praktiese outonomie vertoon 'n sterk geesverwantskap met daardie wysbegeertes wat deur dieselfde stellingkeuses beheers word, daardie wysbegeertes wat die Skrif uit die wetenskap ban en in 'n groot mate ook met diegene wat 'n sterk versoening bewerkstellig tussen Skrifwaarhede en temata wat hulle oorsprong in die paganistiese denke het.

Wat was nou die betekenis van die nie-Skrifgebonde filosofie vir die lewenspraktyk en wat is die betekenis van 'n radikaal Skrifmatige filosofie vir die lewenspraktyk?

## DIE BETEKENIS VAN DIE NIE-SKRIFGEBONDE FILOSOFIE VIR DIE LEWENSPRAKTYK

Dit sal goed wees as u nou sal onthou dat die geskiedenis van die Westerse denke en van die Westerse filosofie ongeveer 2700 jaar oud is. Gedurende hierdie tyd het die filosofie in heidense milieu opgekom, gegroei en gebloei. Met die koms van Christus was die Westerse denke op filosofiese vlak reeds ver ontwikkel. Geen wonder dat hierdie denkontplooiing 'n duidelike merk op die Christen, sy denke en sy lewenspraktyk gemaak het nie. Met die uitsending van die apostels om die evangelie aan alle volke, tale en nasies te gaan verkondig, het hulle met hoogs ontwikkelde mense kontak gemaak, en ons weet dan ook wat die gevolg daarvan vir die Christenwêreld was. Geen wonder dat 'n Abraham Kuyper kon sê dat elke ketter sy letter gehad het nie. Sinkretisme of sintese het die septer baie eeue lank in die Westerse denkwêreld geswaai, en dit was eers met die Reformasie dat die aandag weer pertinent op die Bybel as die Woord van God gevestig is en aandag vry gekom het vir die inhoud van die Woord, nl. dat dit die aandag vestig op die soewereiniteit en die majesteit van God in die skepping en wetgewing, op sy

regverdigheid waardeur Hy sy wet handhaaf, nl. die liefdeswet, waaraan die mens vanaf die sondeval nie meer kan voldoen nie, en van sy liefde, waardeur God die skuld van die sonde by sy Seun tuisgebring het en nou aan ons deur die Seun die Heilige Gees gee sodat ons altans kan begin om weer in gehoorsaamheid van die liefdeswet te lewe. So word die grondgedagte van die Reformasie dan: 'n lewe uit die vryheid wat deur die kruis verwerf is (vgl. Vollenhoven, 1956:32). En hierdie terugkeer na die Skrif en die God van die Skrif moet grondleggend word vir die lewe van die reformatoriese mens, in so 'n mate dat hy wel in die wêreld moet wees maar nie van die wêreld nie; in so 'n mate dat hy hom in sy lewenswandel van die wêreld moet kan onderskei — syne moet 'n wandel met God wees; in so 'n mate dat hy getroue soldaat in die weermag van Christus sal wees en ook in die uniform wat hy dra, getuie sal wees van die Koning wat hom aanvoer.

Dit is eers maar onlangs wat die Reformasie plaasgevind het, en dit was maar 'n handjievol mense wat in hierdie lyn gevolg het. Vandaar dat ons in die Westerse wêreld hulle invloed eintlik buite rekening kan laat as ons oor die invloed van die filosofie op die lewenspraktyk besin. Deur op die gangbare stand van sake te let sou ons kontrasterend stellenderwys tot die invloed van 'n radikaal Skrifmatige filosofie vir die lewenspraktyk kon konkludeer.

Alhoewel baie min literatuur oor die verhouding tussen Wysbegeerte en lewenspraktyk bestaan, is dit tog so dat die wysgerige invloed op die lewenspraktyk in baie gevalle onmiskenbaar is. So kan ons byvoorbeeld wys op die invloed van byvoorbeeld die ensiklopediste (D'Alambert, Diderot, Voltaire, Montesquieu, Rousseau e.a.) op die Franse Revolusie. Ons dink aan die invloed van die wysbegeerte op die Franse verklaring oor die regte van die mens van 1789. Artikel 2 van hierdie verklaring volg die voetspoor van John Locke se individualisme, en artikel 6 verraai die invloed van Rousseau se *Volonté générale,* wat op staatsabsolutisme neerkom. So is die spanning wat die wysbegeerte van daardie tyd beheers het, na die terrein van die praktiese politiek oorgedra. 'n Mens kan ook dink aan die invloed van die Franse Sosialiste, o.w. St. Simon en Proudhon, en die Engelse individualistiese ekonomiste soos Smith en Riccardo op die skryf van die kommunistiese manifes deur Marx en Engels.

Ons tref in die literatuur die uitdrukking "praktiese filosofie" aan. Hierdie praktiese filosofie dra egter ook 'n teoretiese karakter maar rig hom op 'n ander terrein van ondersoek as die teoretiese wysbegeerte. Die teoretiese rig hom op die kenne en die kenbare, terwyl die praktiese as ondersoekgebied

het die praxis, d.w.s. die menslike handeling. Oorspronklik het hierdie wetenskaplikes hulle dan veral gaan bemoei met die etiek, soos met die sofiste die geval was. Sokrates het hom met sy praktikalisme van die Sofiste onderskei — die doen was vir hom afhanklik van die nie-wetenskaplike denke, dit was 'n uiting daarvan. As ek weet hoe om 'n skoen te maak kan ek eenvoudig nie 'n slegte skoen maak nie. Die teenstelling tussen teoretiese en praktiese filosofie in bogenoemde sin is natuurlik heeltemal onhoudbaar. Praktiese filosofie het egter ook die betekenis gekry dat die wetenskaplike hom daarin van die verskillende menslike samelewingsverbande rekenskap wou gee — iets wat vandag meer as sosiale filosofie of samelewingsleer bekend staan. Maar ook hier kry ons geen uiteensetting van die verhouding van die wysbegeerte en die lewenspraktyk binne die menslike samelewingsverbande nie; die naam "praktiese filosofie" is dus ook hier misleidend.

Vroeër is die aandag reeds daarop gevestig dat ons nie eers by die Rasionalisme 'n geslote front betreffende die probleem rakende die verhouding tussen denke en lewenspraktyk gekry het nie. (Die Scientialis het die praktyk uit die wetenskaplike denke benader; vir die Praktikalis was die praktyk 'n uiting van nie-wetenskaplike denke, en vir die man van die praktyk was die praktyk nie tot enige vorm van denke herleibaar nie alhoewel dit ook nie sonder die nie-wetenskaplike denke moontlik was nie.) Dit was dan ook in hierdie tyd dat daar binne die Rasionalisme verset gekom het teen die soewereinverklaring van die natuurwetenskaplik geïnterpreteerde teoretiese rede op so 'n wyse dat 'n tweede soewereine rede naas die teoretiese geproklameer is, wat dan die praktiese rede genoem is. Hierdie rede moes dan die septer swaai oor dit wat nie natuurwetenskaplik ondersoek kon word nie. In hierdie verband roep 'n mens Kant se "Kritieke" in herinnering. Een daarvan was die "Kritik der praktischen Vernunft". En die werk wat hier gedoen word, is net so wetenskaplik soos in sy "Kritik der theoretischen Vernunft" — net so teoreties!

Laat ons ook hier maar *onthou dat die filosofie nie teenoor die lewe staan nie maar self een van die baie lewensuitinge is:* uit die hart is die uitgange van die lewe. Daarom is die filosofie net so religieus bepaald as enige van die ander uitgange. Ook moet nie vergeet word dat die lewens- en wêreldbeskouing hierdie uitgange van die hart rig en lei nie, en die kennis vervat in hierdie lewens- en wêreldbeskouing is nie minderwaardig teenoor die kennis vervat in die filosofie nie. Die ontologie, daarenteen, is onder andere ook 'n wetenskaplike verantwoording van die lewens- en wêreldbeskouing. Met die verabsolutering van die rede is alle kennis sg. teoretiese kennis en word die lewens- en wêreldbeskouing eintlik ook teorie, wat natuurlik 'n dwaling is.

Ons gewone kennis is vir hulle dan teorie wat op dwaling berus en wat deur die wysgerige denke gekorrigeer moet word. Vandaar dat die werklikheid eintlik anders lyk as wat ons dit prakties ervaar, sodat eers deur die wysbegeerte die waarheid van die werklikheid ontdek sou kon word. So dring hulle 'n verabsoluteerde abstraksie aan die wêreld as waarheid op! Ook hierdeur het daar 'n kloof tussen wysbegeerte en lewenspraktyk ontstaan, 'n kloof wat vir menigeen 'n probleem geword het, omdat dit dan nie meer twee kante van dieselfde lewe is nie maar mekaar se teenpole geword het. Hierop het Tunderman (1948:20) pragtig die aandag gevestig.

As wysbegeerte en lewenspraktyk mekaar se teenpole geword het, is verskillende moontlikhede gegee. So kan voorkeur aan die praktyk gegee word wanneer die wysbegeerte dan as iets oorbodigs of selfs as 'n dwaasheid beskou word. Voorkeur kan egter ook aan die filosofie gegee word. Die praktyk word dan maklik iets onvolwaardigs, 'n laere trap van kenne en 'n laere lewenspeil. Die ware kenne en ware lewe word dan slegs by wysgere gevind, en wie nie wysgerig geskoold is nie, lewe in 'n droom. Die praktyk kan dan ook as oefenveld van die wysbegeerte beskou word en so die terrein van belangrike eksperiment word. Maar dan kan ook na 'n ewewig tussen wysbegeerte en praktyk gesoek word, waardeur 'n kompromie tussen hulle aangegaan word.

Nie een van hierdie oplossings sou ons bevredig nie, want die rede waarom die kloof ontstaan het, moet gesoek en verwyder word, en hierdie oplossing lê in 'n Skrifgefundeerde kritiek op die Rasionalisme, waardeur ook die oplossings van die Irrasionalisme in hulle oppervlakkigheid verwerp sal moet word. Die verminking van die verstand met apriori's kan nie aanvaar word nie, nog minder die proses van sekularisme of die neutraliteitspostulaat nie. Ons moet die werklikheid in die lig van die Skrif sien, die mens soos God hom geskep en met heerlike gawes en talente toegerus het om sy roeping op aarde tot eer en verheerliking van God te volvoer. So sal daar wedersydse aanvulling en verryking kom en sal ons ook toerusting ontvang om die toestande in ons eie tyd beter te verstaan en beter te verwerk. Want dit is so dat die wysbegeerte nog telkens probeer om invloed in die praktyk te verkry, terwyl die praktyk telkens by die filosofie probeer kers opsteek.

Baie van die wysgerige teorieë is in verskeie lewens- en wêreldbeskouings opgeneem — ons dink hier byvoorbeeld aan die kontemporêre tendens waarin die sogenaamde kritiese teorie die sintese tussen die teoretiese en praktiese rede wil wees deur 'n teorie oor die "establishment" te wil gee wat op die verandering daarvan gemik is en daarin aansluit by maar tog ook skerp

verskil van die Neo-Positivisme van Karl Marx. Vanuit die kritiese teorie is dan afkomstig die huidige geskreeu om demokratisering, die verpolitisering van alle lewensterreine, die sg. Swartmag, die gesekulariseerde spekulasies met die liefdeswet, die sekscharisma van die Rocksterre, ens. Hoeveel van Freud, Marx, Sartre, Bakounin en Marcuse leef daar nie in die lewenspraktyk soos dit vandag in studentebetogings, "sit-ins", popmusiek, Wêreldraad van Kerke, terrorisme ens. ens. tot uiting kom nie. En dan verbaas dit 'n mens nie dat geluide gehoor word soos "die Skrif op basis van die Neo-Marxisme te eksegetiseer" en nie meer op "die tot nou toe gehandhaafde kapitalisme" nie; dan verbaas dit 'n mens nie dat opstande en terrorisme met 'n teologie van die hoop gesteun word nie of dat ateïstiese Marxiste soos Gardavski die Christen vermaan om eers weer die liefde tot aktualiteit in sy lewe te bring alvorens 'n sinvolle gesprek met die Marxis moontlik kan word. Dan verbaas dit 'n mens ook nie dat die diep religieus lewende New Left tog 'n gespreksmoontlikheid met die Skrifgelowige bied nie: albei is bewus van hulle religieusiteit — die rigting is al wat verskil.

So kan baie wysgerige strominge in die hedendaagse rigtings erken word, en om die Westerse kultuur van vandag te verstaan is kennis van hierdie strominge nodig — selfs kennis van Oosterse rigtings soos die Zen-Buddhisme. Om vandag in die praktiese lewe leiding te gee verg van die Christen insig en kennis van hierdie strominge. Dit verbaas 'n mens elke keer watter invloede dein werk. En tog moet daar ook gewaak word teen die opvatting dat die praktyk selfgenoegsaam is en dat die wysbegeerte nie nodig is nie — dit self is 'n wysgerige rigting, nl. die praktisistiese. So iemand aanvaar as iets van die sg. gesonde verstand wat in werklikheid die resultaat is van die invloed van een van die uitlopers van die subjektivisme.

## DIE SKRIFGELOWIGE EN WYSBEGEERTE EN LEWENS-PRAKTYK

Vir die Skrifgelowige is daar nie sprake van 'n kloof tussen wysbegeerte en lewenspraktyk nie — maar dan 'n wysbegeerte waarin die Heilige Skrif sy regmatige plek verkry het. Die een mag nie t.o.v. die ander as onvolwaardig of minderwaardig gesien word nie maar as twee kante van een en dieselfde lewe. En as ons vra wat in die lewe die belangrikste is, dan is die antwoord seker dat dit die religie is — die verhouding waarin die mens tot God staan, 'n verhouding wat die ganse lewe bepaal, ook die wysbegeerte maar ook die lewenspraktyk. Ook die diepste teenstelling in die lewe het 'n religieuse karakter, en dit is die teenstelling van gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan die wet van God. Hierdie antitese sny deur die hele lewe van die

mens: as ek die goeie wil, staan die kwade my by! En dit geld ook in die wetenskapsbeoefening sowel as in die lewenspraktyk. Die teenstelling raak dan ook nie die onderskeid tussen teoretiese en praktiese kennis nie maar wel die afgrond wat skeiding maak tussen die verstand van die vlees en die kennis van die geloof. Kolossense 2 gee hier mooi riglyne aan. Die geloofskennis is die bepalende element van my voorwetenskaplike kennis, en hiermee moet my wetenskaplike kennis in ooreenstemming wees.

Die geloofskennis moet in die hele lewe die leiding hê, dus ook in die wysbegeerte en ook in die lewenspraktyk. As die geloofskennis wat in die openbaring van God rus, in die wysgerige denke die leiding het, as die wysgeer aan die Heilige Skrif sy regmatige plek in sy wetenskap kan gee, dan beteken dit nie dat die wysbegeerte die oplossings van probleme uit die Skrif wil aflei of dat dit alle gate in die menslike kennis met 'n beroep op die skrif wil toedek nie. Nee, sê Tunderman, die geloofskennis het die eksklusiewe leiding by die voorteoretiese voorveronderstellings wat aan die wysgerige denke self ten grondslag lê. Self is ek daarvan oortuig dat die Woord van God antwoorde gee op die grensvrae van die wysbegeerte rakende die werklikheid en dat hierdie antwoorde kriteria word vir die toets van die Westerse denkontwikkeling waardeur reformatories in die bestaande ontologieë ingewerk kan word nadat die eie konsepsie in die lig van die Skrif nader omlyn is. So verkry die Skrif sy regmatige plek in die wysbegeerte, en so gee die Skriflig deur die geloof leiding vir die doen en late van die mens.

Daar is 'n religieuse eenheid tussen wysbegeerte en lewenspraktyk, en van hier uit moet die verhouding tussen beide bepaal word. En dan blyk dit dat die wetenskaplike en praktiese kennis nie in kenniswaarde verskil nie maar slegs in kennisaard, dat albei onvervangbare betekenis het en dat die onderlinge verhouding tussen hulle as onderlinge diensbetoning getipeer moet word.

Die Christen se lewe behoort 'n lewe van dankbare diens aan God drieenig te wees. Hy moet, in die woorde van Calvyn, sy hart aan God offer. Sy lewe moet, ook in die wetenskap en ook in die praktyk, getoets word aan die kriterium of dit 'n offer aan God is, of dit deur die liefde vir God gedring word, of dit aan God toegewy is of nie. En hierdie doen en denke kan mekaar wedersyds bevrug maar dan soos dit deur die liefde van God en vir God gedra word. En 'n wysbegeerte wat in sy ontologie die waarheid aangaande die werklikheid soos deur die Skrif geopenbaar is, tot sy reg laat kom, gee aan die mens 'n basis vir interpretasie, nie alleen van ander wetenskaplike teorieë nie maar ook van daardie wat die lewenspraktyke van die verlede en

van die hede beheers het en beheers. Die lewens- en wêreldbeskouing rig en lei die mens in sy daaglikse doen, en as hierdie lewens- en wêreldbeskouing Skrifmatig verantwoord is, dan kan hierdie wetenskaplik verantwoorde wysbegeerte verdieping en verryking vir die lewens- en wêreldbeskouing bring, wat op sy beurt weer skerper en meer omlynd rigting en leiding aan die lewe van die kind van God kan gee. So het dit myns insiens sin om die brilglase, die lewens- en wêreldbeskouing, met die waarhede van die Skrif te poleer.

## BIBLIOGRAFIE

DOOYEWEERD, H. 1935. De Wijsbegeerte der Wetsidee I. Amsterdam: Paris.

DOOYEWEERD, H. 1949. Reformatie en Scholastiek in de Wijsbegeerte. Franeker: Wever.

GRIFFIOEN, S. 1971. Stellingen over Ernst Bloch. *Correspondentiebladen,* 36, Des.

KLAPWIJK, J. 1972. Calvijn over de Filosofie. *correspondentiebladen, 36, Maart.*

POPMA, K.J. 1971. Kohnstamm. *Correspondentiebladen,* 35, Julie.

SPIER, J.M. 1950. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, 4de herziene en vermeerderde druk. Kampen: Kok.

STOKER, H.G. 1956. Praktiese Calvinisme. Potchefstroom: Pro Rege.

STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metode in die Wetenskap. Potchefstroom: Pro Rege.

TUNDERMAN, J.W. 1948. Wijsbegeerte en levenspraktijk (*In*: Spier, H.J. en Spier, J.M., *reds.* 1948. Wijsbegeerte en levenspraktijk. Kampen: Kok).

VOLLENHOVEN, D.H. Th. 1933. Het Calvinisme en de Reformatie van de Wijsbegeerte. Amsterdam: Paris.

VOLLENHOVEN, D.H. Th. 1950. Geschiedenis der Wijsbegeerte. Franeker: Wever.

VOLLENHOVEN, D.H. Th. 1956. Diktaat: Kort overzicht van de geschiedenis der Wijsbegeerte. Amsterdam: Theja.

ZWAAN, J. 1972. Groen van Prinsterer over de Wijsbegeerte. *Correspondentiebladen,* 36, Sept.